# Hoofstuk van die dag: Romeine 12

*Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal*

*julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. (12:2)*

Paulus kom nou by die praktiese riglyne, nadat hy in die eerste 11 hoofstukke uitgespel het hoe God se verlossingsplan werk. Ons is uit genade gered, nie uit verdienste nie. Dit is alles Christus se verdienste, sê hy baie duidelik.
Dit beteken nie dat die saak daarmee afgehandel is nie, want ons redding het implikasies vir ons lewe hier en nou (vers 3 en verder). En daarvoor is dit nodig dat ons anders oor onsself dink. Of liewer, ons moet toelaat dat God ons brein herbedraad en vernuwe (vers 2).
Ons lewe in 'n siek, verwronge wêreld. Dis in hiérdie wêreld wat ons onsself as offers aan God moet gee (vers 1). Daarom waarsku Paulus: moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie. 'n Mens kan ook vertaal: Jy moenie inpas in die skema van hierdie sondige wêreld nie. Hierdie wêreld met sy verdraaide waardes en norme mag nooit deel van jou lewenspatroon wees nie. Dit verg 'n proses waarin jy jouself daagliks weer aan God weggee.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

© Bybelkoerant 2018 – 2026